

BOEKE EN DINGE

Bou 'n eenvoudige, kompakte boekrak met stap-vir-stap aanwysings van Cashbuild.

WIE het nou nie 'n ekstra rak of twee nodig om boeke of snuisterye uit te stal nie? Maar met blyplekke wat neig om al kleiner te word, moet jy kreatief wees om ruimte te vind vir al jou goed.

Die verbruikerskampioen Cashbuild het die antwoord: Maak eenvoudig 'n draai by jou naaste winkel en hulle sal jou help met al die advies, toerusting en materiaal wat jy nodig het om hierdie plek-spaar-boekrak te kan bou.

Ons stap-vir-stap-aanwysings is vir 'n kompakte boekrak wat 3 m² rakruimte (die bokant ingesluit) by jou pakplek sal voeg, terwyl dit minder as 1 m² vloer ruimte opneem. Ons het dennehout gebruik – dit is sterk en jy kan dit maklik beits of verf om by jou kleurskema te pas.

Gebruik ons mates of pas die grootte aan na gelang van jou behoeftes. Vra by 'n vriendelike Cashbuild-personeelid hulp met die koop van die hout as jy besluit om ander afmetings te gebruik.

GEREEDSKAP

'n Skermbril (vir boorwerk of tydens bryvulling), potlood, maatband, waterpas, skroewedraaier, 6,35 mm-houtskroewe, 35 mm-boorpunt wat soos 'n graaf gevorm is ("spade bit"), C-klampe, 'n kragboor en boorpunte, 40 x 2 mm-spykers om die Masonite-bord agter vas te slaan, 120 grint-skuurpapier (plus fyner papier as jy 'n gladder afwerking verkies), beits en vernis (of onderlaag en verf).



HOUT

■ 19 mm-dennehout, in die volgende groottes gesny: 1 stuk 889 x 356 mm (bokant), 2 stukke 356 x 1 200 mm (sypaneel), 3 stukke 851 x 356 mm (rakke).

■ 3,2 mm Masonite-bord 889 x 1 050 mm vir die boekrak se agterkant.

WENK Bepaal eers hoe hoog die drie rakke (behalwe die boonste rak) moet wees deur te besluit watter boeke of ornamente daarop gaan staan. Vir lêers is dieper rakke byvoorbeeld nodig as vir leesboeke. As jy onseker is waarvoor jy die boekrak gaan gebruik, spasieer die rakke eweredig.

STAP 1 Trek drie vertikale potloodstrepe aan die buitekant van elke sypaneel: 60 mm van die agter- en voorkant af van elke paneel en een halfpad tussen die twee. Trek 'n horisontale streep sowat 40 mm bo die onderpunt van elke paneel (aan die binne- en buitekant); daar gaan jy die onderste rak vasheg. Trek soortgelyke horisontale strepe waar jy die ander twee rakke wil aanbring.

STAP 2 Gaan al die merke na voor jy begin boor en gaan al die gate na voor jy die boekrak aanmeekaarsit. Gebruik die 35 mm-graafvorm-boorpunt om gate te boor waar die vertikale

en horisontale strepe mekaar kruis – dit sal jou help om die skroewe netjies daar in te draai wanneer jy die eenheid begin monteer.

STAP 3 Sit die boonste rak (889 x 356 mm) onderstebo op 'n skoon werkoppervlak neer. Heg elke sypaneel versigtig aan deur dit eers aan 'n 356 mm-sykant van die boonste rak vas te lym en te klam. Draai dit dan met drie 6,35 mm-houtskroewe vas in die versonke gate wat jy volgens die aanwysings hierbo aan elke kant geboor het

STAP 4 Begin onder en heg elke rak aan. Lym dit eers op sy plek vas: Gebruik die strepe as riglyn en klamp dit. Draai drie skroewe in die versonke gate in elke sypaneel vas om hulle aan die rak te heg.

STEP 5 Laat die boekrak regop staan en gebruik die waterpas om doodseker te maak die rakke is reguit.

STAP 6 Druk die Masonite-bord agter teen die boekrak vas en sorg dat dit bo en aan die kante netjies pas. Slaan dit met 40 x 2 mm-spykers aan die agterkant vas.

WENK Moenie bekommerd wees as daar klein stukkie uitsteek nie – jy kan dit later afskuur.

STAP 7 Skuur die boekrak netjies af tot dit 'n gladde afwerking het. Gebruik skuurpapier met 'n al fyner grein daarvoor.

DEKOR WENKE

■ Voeg 'n dekoratiewe strook aan die voorkant van die onderste rak by as jy wil (sien foto).

■ Beits die hout en vernis dit of verf dit met 'n onderlaag, gevolg deur 'n bolaag in die kleur van jou keuse – ligte kleure skep die illusie van ruimte.

■ Kontak jou naaste Cashbuild-winkel oor hul wye reeks beits- en verfprodukte. □

